

**Die nie-registrasie van gewoonteregtelike huwelike en die effek  
op boedelbeplanning**

Mini-skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die  
graad Magister Legum met Boedelreg as hoofstudierigting in die Fakulteit Regte  
aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)

deur

**Jannicke Noeth**  
**20143300**

Studieleier: Prof W du Plessis  
November 2011

## INHOUDSOPGAWE

LYS VAN AFKORTINGS .....	1
1 Inleiding .....	2
2 Vereistes vir 'n geldige gewoonteregtelike huwelik.....	4
2.1 Vereistes voor en na die inwerkingtrede van 1998-Wet .....	5
2.1.1 Toestemming .....	5
2.1.2 Ouderdom .....	7
2.1.3 <i>Lobola</i> .....	7
2.1.4 Huwelikseremonie.....	10
2.1.5 Registrasie .....	10
3 Interpretasie deur die howe .....	12
3.1 Voor 2000 .....	13
3.2 Na 2000 .....	16
4 Rol van die boedelbeplanner .....	23
5 Samevatting en gevolgtrekking.....	24
6 Bibliografie .....	29
6.1 Literatuur .....	29
6.2 Regspraak .....	31
6.3 Wetgewing.....	31
6.4 Internet .....	32

## **OPSOMMING**

**Titel: Die nie-registrasie van gewoonteregtelike huwelike en die effek op boedelbeplanning.**

Gewoonteregtelike huwelike moet in terme van artikel 4 van die 1998-Wet geregistreer word. Voor 2000 (inwerkingtrede van die 1998-Wet) moes slegs gewoonteregtelike huwelike in KwaZulu-Natal en Transkei geregistreer word. Die howe het deur die jare verskillende interpretasie geheg aan die vraag of 'n gewoonteregtelike huwelik geregistreer moet wees of nie.

Die doel van hierdie studie is om te bepaal wat die invloed van nie-registrasie van gewoonteregtelike huwelike op boedelbeplanning is.

Daar word aanbeveel dat 'n boedelbeplanner kennis moet neem van die vereistes van 'n gewoonteregtelike huwelik asook die howe se interpretasie van veral die registrasie vereiste. Die boedelbeplanner kan nie meer bloot net gewone boedelbeplanning doen nie maar moet hom of haar vergewis van die geldigheid van die gewoonteregtelike huwelik. Daar word verder aanbeveel dat die 1998-Wet gewysig word om die vereiste ten aansien van registrasie van gewoonteregtelike huwelike duideliker gestel word en dat 'n kommunikasieveldtog in die verband geloods word.

Trefwoorde: Gewoonteregtelike huwelik, boedelbeplanning, registrasie, vereistes, nie-registrasie, invloed op boedelbeplanning

## **SUMMARY**

**Title: The non-registration of customary marriage and the effect on estate planning.**

According to section 4 of The 1998-Act all customary marriages must be registered. Prior to 2000 (date of incorporation of 1998-Act) the only marriages which were required to be registered were customary marriages in KwaZulu-Natal and Transkei. Over the years, the courts had interpreted the requirement of the registration of customary marriages differently.

The aim of this study is to determine the effect of the non-registration of customary marriage on estate planning.

It is recommended that an estate planner takes notice of the requirements of a customary marriage as well as the courts' interpretation of the registration requirement. An estate planner must establish whether a marriage is valid when planning an estate for a client. It is further recommended the 1998-Act be amended to clarify the registration requirement and that this amendment be communicated effectively.

## LYS VAN AFKORTINGS

1998-Wet	<i>Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998</i>
<i>CILSA</i>	<i>Comparative and International Law Journal of South Africa</i>
<i>DR</i>	<i>De Rebus</i>
<i>Grondwet</i>	<i>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</i>
HHA	Hoogste Hof van Appèl
KH	Konstitusionele Hof
<i>Stell LR</i>	<i>Stellenbosch Law Review</i>
T	Transkei
Tk	Transkei
<i>THRHR</i>	<i>Tydskrif vir Romeinse Hollandse Reg</i>
<i>TSAR</i>	<i>Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg</i>
W	Witwatersrand

## 1 Inleiding

Suid-Afrika is 'n multikulturele en godsdienstige samelewing en word gekenmerk deur 'n unieke geskiedenis en groeiende ontwikkeling. In Suid-Afrika is daar verskillende kulture en gelowe, elk met sy eie huweliksvorme.<sup>1</sup> 'n Gewoonteregtelike huwelik is onder meer een van die wyses waarop 'n huwelik voltrek kan word.<sup>2</sup> Die gewoonteregtelike huwelik is poligaam van aard.<sup>3</sup> 'n Gewoonteregtelike huwelik sluit die familiegroepe van die man en die vrou in en sekere regte en verpligtinge ontstaan tussen die familiegroepe.<sup>4</sup>

Vir 'n gewoonteregtelike huwelik om geldig en wettig geag te word, moet daar aan sekere vereistes voldoen word.<sup>5</sup> Registrasie is onder meer een van die vereistes vir geldigheid van 'n gewoonteregtelike huwelik.<sup>6</sup> Tradisioneel was registrasie nie 'n vereiste vir die geldigheid van gewoonteregtelike huwelike nie, maar sedert 15 November 2000 met die inwerkingtreding van die *Wet op Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 (hierna 1998-Wet) moet alle gewoonteregtelike huwelike geregistreer word. Artikel 4 van die 1998-Wet plaas 'n verpligting op die partye tot 'n huwelik om 'n gewoonteregtelike huwelik binne 'n tydperk van 12 maande by die registrasiebeampte te registreer. Die partye moet sekere inligting soos die identiteit van die partye, datum van die huwelik en die *lobola* ooreenkoms<sup>7</sup> aan die registrasiebeampte openbaar. 'n Sertifikaat van registrasie word uitgereik aan partye en dien as *prima facie* bewys dat die gewoonteregtelike huwelik bestaan.<sup>8</sup>

Indien 'n huwelik nie geregistreer is nie, word die bestaan van die huwelik soms betwis. Dit lei tot die vraag: wat gebeur in die geval as 'n eggenoot in 'n gewoonteregtelike huwelik sterf en die huwelik was nooit geregistreer nie? Is die

---

1 Herbst *Gewoonteregtelike huwelike* 13.

2 Dlamini 1989 *TSAR* 410-411.

3 Olivier en Olivier *Bantoetaalsprekendes* 9.

4 Bekker en Coertze *Seymour's Customary Law* 90-91.

5 Bekker en Coertze *Seymour's Customary Law* 96.

6 A 4 van die 1998-Wet.

7 A 4(4)(a) van die 1998-Wet.

8 A 7(2) van die 1998-Wet.

langslewende eggenoot geregtig om 'n voordeel te ontvang by die dood van sy of haar eggenoot as hul huwelik nooit geregistreer was nie? Daar is twee sake wat hierdie probleem illustreer. In *Kambule v The Master and Others*<sup>9</sup> het die hof beslis dat waar 'n gewoonteregtelike huwelik op 3 Oktober 1956 gesluit was, registrasie nie as 'n vereiste geld nie. Die Hoogste Hof van Appèl het egter bevind dat die applikant geen voordeel mag ontvang na die dood van haar man nie, omdat sy nie in staat was om te kan bewys dat die huwelik wel bestaan nie.<sup>10</sup> In *Baadjies v Matubela*<sup>11</sup> het die hof beslis dat as die applikant kan bewys dat die huwelik 'n geldige gewoonteregtelike huwelik is, sy geregtig is op die voordeel wat haar toekom, want die nie-registrasie van die gewoonteregtelike huwelik maak nie die huwelik nietig nie, maar dien slegs as *prima facie* bewys dat die huwelik bestaan.

Daar bestaan geen eenstemmigheid tussen die howe oor die hantering van hierdie aangeleentheid nie. Wanneer partye 'n boedelbeplanner nader om hulle met die beplanning van hulle boedel behulpsaam te wees, word dit van 'n boedelbeplanner verwag om op hoogte van die regsposisie te wees, asook van die verskillende sienings van die howe in Suid-Afrika. Boedelbeplanning kan omskryf word as die proses waardeur 'n boedelbeplanner sover moontlik poog om die boedeleienaar se bates so te organiseer dat dit in die behoeftes van die boedeleienaar en sy gesin is, en dat wanneer die eienaar sterf, die bates so gou moontlik aan sy erfgename vererf word.<sup>12</sup> Die onsekerheid ten opsigte van die nie-registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik mag moontlike vermoënsregtelike gevolge vir die partye van 'n gewoonteregtelike huwelik inhou. Waar 'n boedelbeplanner sy of haar kliënt se boedel beplan of beredder en die kliënt is volgens die gewoontereg getroud, is daar sekere implikasies wat intree, sou die huwelik nie geregistreer wees nie. Indien boedelbeplanners nie seker maak dat sy of haar kliënt se huwelik geregistreer is nie, kan die kliënt of die kliënt se erfgename moontlik benadeel word.

---

9 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (E) par 13, sien 3.2.

10 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (E) par 24, sien 3.2.

11 *Baadjies v Matubela* 2002 JOL 9404 (W) par 22.

12 Van Zijl *Boedelbeplanning, boedelbereddering en erfopvolging* 2.

Die doel van hierdie studie is om te bepaal wat die invloed van nie-registrasie van gewoonteregtelike huwelike op boedelbeplanning is.

Die studie berus op 'n literatuurstudie van die vernaamste hofsake, wetgewing en ander literatuur oor die onderwerp. In hierdie skripsie word eerstens bepaal wat die definisie van 'n gewoonteregtelike huwelik is,<sup>13</sup> daarna word die vereistes vir 'n geldige gewoonteregtelike huwelik bespreek.<sup>14</sup> Die registrasievereiste vir sodanige huwelike, na aanleiding van die posisie voor en na die inwerkingtreding van die 1998-Wet, word breedweg bespreek.<sup>15</sup> Daarna word die gevolge van nie-registrasie bespreek.<sup>16</sup> Daar sal deurlopend na hofsake verwys word. Laastens sal daar vasgestel word wat die invloed van nie-registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik op die boedelbeplanning is ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom en aanbevelings te maak.<sup>17</sup>

## **2 Vereistes vir 'n geldige gewoonteregtelike huwelik**

In Suid-Afrika het alle persone die keuse om 'n gewoonteregtelike of gemeenregtelike huwelik aan te gaan.<sup>18</sup> 'n Gemeenregtelike huwelik kan gedefinieer word as 'n regsverhouding, daargestel deur middel van 'n staatseremonie tussen twee bevoegde en gewillige persone van verskillende geslagte, wat saam woon vir die res van hul lewens, om mekaar huweliksregte toe te staan en mekaar te onderhou.<sup>19</sup> Gemeenregtelike huwelike wat voor 1984 tussen twee swart persone gesluit was, word beskou as 'n verbintenis tussen een man en een vrou. Dié soort huwelik het nie verbintenisse kragtens die gewoontereg ingesluit nie.<sup>20</sup>

'n Gewoonteregtelike huwelik was in artikel 35 van die *Swart Administrasiewet* 38 van 1927 gedefinieer as die saamlewe van 'n man en vrou in 'n egtelike

---

13 Sien 2.

14 Sien 2.

15 Sien 2.1.1 - 2.1.4.

16 Sien 2.1.5.

17 Sien 4.

18 Mndaweni 1990 *CILSA* 361-373.

19 Mndaweni 1990 *CILSA* 360 asook a 12 van die *Huwelikswet* 25 van 1961.

20 Visser en Potgieter *Family Law* 3.

verhouding ooreenkomstig die gewoontes en gebruike van die Swart reg, waar nie die man of die vrou 'n party tot 'n bestaande gemeenregtelike huwelik was nie.<sup>21</sup> Die gewoonteregtelike huwelik het nie slegs twee individue in die huweliksband verbind nie, maar het ook die families van die eggenote tot die gewoonteregtelike huwelik ingesluit.<sup>22</sup>

In KwaZulu-Natal was 'n gewoonteregtelike huwelik gedefinieer as 'n siviele kontrak wat voltrek is tussen twee partye wat albei voldoen aan die essensiële vereistes wat neergelê is deur die KwaZulu en Natal Kodes op Zoeloe reg naamlik dat *lobola* onderhandel en betaal word (die vereiste maak nie die huwelik ongeldig sou daaraan voldoen word nie); die toestemming van die vader of voog van die bruid mag nie ontbreek nie, asook die toestemming van die familie of die familiehoof van die bruidegom is noodsaaklik. Laastens moet die huwelik voltrek word in die openbaar met ooggetuies wat die voltrekking aanskou.

Die 1998-Wet omskryf 'n gewoonteregtelike huwelik as 'n huwelik wat gesluit is ooreenkomstig die gewoontereg, wat ooreenstem met die partye se gewoontes, gebruike en geloof.<sup>23</sup>

## ***2.1 Vereistes voor en na die inwerkingtrede van 1998-Wet***

Daar is sekere vereistes waaraan voldoen moes word voordat 'n gewoonteregtelike huwelik as geldig geag kon word. Die vereistes gaan nou onderskeidelik bespreek word na aanleiding van die posisie voor en na die inwerkingtrede van die 1998-Wet.

### ***2.1.1 Toestemming***

Die eerste vereiste vir 'n wettige gewoonteregtelike huwelik is dat die partye tot die huwelik se families moet toestem tot die voltrekking van die gewoonteregte-

---

21 A 35 van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 asook *Mabuza v Mbata* 2003 4 SA 218 (KH) par 23.

22 Olivier *et al Inheemse Reg* 7; Bekker en Coertze *Seymour's Customary Law*.

23 A 2 van die 1998-Wet; Herbst *Gewoonteregtelike huwelike*; De Waal, Currie en Erasmus *The Bill of Rights Handbook* 87.

like huwelik.<sup>24</sup> Tradisioneel het die sluiting van 'n gewoonteregtelike huwelik die onderhandelinge van die families ingesluit. Die vrou se familie se toestemming was van kardinale belang. Toestemming deur die families het neergekom op die toestemming van die vader van die bruid want die moeder het geen bevoegdheid gehad het om kontrak te kon sluit nie.<sup>25</sup> Die toestemming van die partye tot die gewoonteregtelike huwelik was ook van kardinale belang. As wilsooreenstemming ontbreek tussen die partye tot die gewoonteregtelike huwelik, het daar geen huwelik tot stand gekom nie.<sup>26</sup> Aangesien huwelike onderhandel en gesluit moet word volgens die gewoontereg,<sup>27</sup> moet die posisie ten opsigte van die toestemming van die familie ook bespreek word.

Waar toestemming afwesig is by die sluit van 'n gewoonteregtelike huwelik, is die voltrekking van die huwelik nie geldig of wettig nie. Dit kan toestemming van die partye tot die huwelik wees of dié van die families wees.<sup>28</sup> Daar is normaalweg 'n regsverpligting op die vader van die jong man om hom met die *lobola* vir sy eerste vrou te help.<sup>29</sup> Sodra die man sy eie *lobola* verskaf, word die vader se toestemming nie meer vereis nie, tensy die seun minderjarige is. As 'n vader die huwelik afkeur, kan daar bevind word dat daar geen ooreenkoms tot die huwelik is nie.<sup>30</sup> Sou die toestemming van die vader van die meisie ontbreek, is die huwelik nie geldig nie.<sup>31</sup> Stilswyende toestemming kan afgelei word uit die omstandighede, soos in die geval waar die vader van die bruid die *lobola* aanvaar.<sup>32</sup> Die moeder van die bruid het geen kontraktuele bevoegdheid nie en kan ook geen kontrakte aangaan nie, met ander woorde die vroue is nie deel van die huweliksonderhandelinge en het ook nie bevoegdheid om toestemming te

---

24 South African Law Commission *Report on Customary Marriages*, Project 90 (1988) 40.

25 Olivier *et al Indigenous Law* 18.

26 Olivier *et al Indigenous Law* 20; Robinson *et al SA Familiereg* 207.

27 A 3(1)(b) van 1998-Wet.

28 A 36(1) van die *Swart Administrasie Wet* 27 van 1938.

29 Sien par 2.2.

30 Olivier en Olivier *Bantoetaalsprekendes* 41; *Mabena v Letsoalo* 1998 2 SA 1068 (T) par 4; Robinson *et al SA Familiereg* 207.

31 Olivier *et al Inheemse Reg* 32; De Koker 1996 *TRW* 78.

32 Olivier *et al Inheemse Reg* 33.

gee tot die sluit van 'n gewoonteregtelike huwelik nie.<sup>33</sup> Die toestemming van die eggenoot is wesenlik en daarsonder kan daar nie 'n wettige verlowingskontrak of 'n huwelik bestaan nie.<sup>34</sup>

Aanvanklik was slegs die toestemming van die families van belang vir 'n gewoonteregtelike huwelik om wettig geag te word maar tans moet slegs die bruid en bruidegom toestem tot die huwelik ingevolge artikel 3(1)(a)(ii) van die 1998-Wet. Die toestemming sluit nie net toestemming in tot die voltrekking van die huwelik, maar sluit ook die toestemming in tot die aard van die huwelik.<sup>35</sup> Die wet vereis nie dat partye geskrewe toestemming gee nie maar in baie gevalle kan die geskrewe toestemming van die partye geld as 'n bewys dat die huwelik wel bestaan.<sup>36</sup>

### 2.1.2 Ouderdom

Voor die 1998-Wet was daar geen vereiste op die ouderdom van partye tot 'n gewoonteregtelike huwelik geplaas nie.<sup>37</sup> Liggaamlike volwasseheid by die vrou en die bevoegdheid om te voorsien by die man was die enigste maatstaf wat gebruik was om vas te stel of 'n persoon gereed is om in die huwelik te tree. Artikel 3(1)(a)(i) van die 1998-Wet poog om te verhoed dat minderjarige kinders in die huwelik tree, daarom is die ouderdomsvereiste van 18 jaar neergelê.<sup>38</sup> Sou enige party tot 'n huwelik onder 18 jaar van ouderdom wees, moet die ouers toestemming gee. Indien die ouers weier, kan die minderjarige partye die Minister nader vir die nodige geskrewe toestemming.<sup>39</sup>

### 2.1.3 Lobola

Die geldigheid van die gewoonteregtelike huwelik is gebaseer op die ooreenkoms om *lobola* te betaal. Dit beteken nie noodwendig dat die *lobola* voor

---

33 Olivier *et al Inheemse Reg* 37; De Koker 1996 *TRW* 80-81; Robinson JA *et al Inleiding tot die SA Familiereg* 208.

34 Robinson *et al SA Familiereg* 207.

35 Olivier *et al Inheemse Reg* 38; Robinson *et al SA Familiereg* 207.

36 A 25(4) van die *Huwelikswet* 25 van 1961.

37 Olivier *et al Indigenous Law* 22.

38 A 3(1)(a)(i) van die 1998-Wet.

39 Olivier *et al Indigenous Law* 35-36.

die sluiting van die gewoonteregtelike huwelik betaal moet word nie maar dat die onderhandelinge wel moes plaasgevind het. *Lobola* word betaal aan die ouers van die bruid as 'n teken van dankbaarheid vir die opvoeding en versorging van hul dogter.<sup>40</sup> *Lobola* kan gegee word in die vorm van beeste, geld of albei.<sup>41</sup> Die *lobola* onderhandeling vind plaas tussen die man van die bruid se familie en die bruid mag nie met die bruidegom in kontak tree voordat die onderhandelinge nie afgehandel is nie.<sup>42</sup> Kinders van die bruid kan ook by die berekening van die *lobola* in aanmerking gebring word, wanneer die man aantoon dat die vrou se kinders as sy eie aanvaar.<sup>43</sup>

Tradisioneel het die bruidegom die bruid formeel gevra om sy vrou te wees by 'n seremonie waar die meisies water gaan haal en die seuns die beeste neem om water te drink.<sup>44</sup> Die was die enigste geleentheid waar die bruidegom 'n kans kry om alleen sy toekomstige bruid te ontmoet want daar was geen ouers teenwoordig nie.<sup>45</sup>

Die eerste sake waar *lobola* ter sprake gekom het was in 1915. In *Rex v Gutay*<sup>46</sup> het 'n minderjarige meisie in 1912 saam met die beskuldigde sonder die nodige toestemming van haar vader gewoon. Die partye tot die verbintenis het die *lobola* onderhandeling afgehandel maar die vader van die meisie se toestemming het steeds ontbreek. Die vader van die meisie het die hof genader met 'n aanklag vir ontvoering en "harbouring" teen die beskuldigde. Die hof het in die geval gekyk na die geldigheidsvereistes vir die voldoening aan gewoonteregtelike huwelik. Die hof het bevind dat waar *lobola* deel is van onderhandelinge by gewoonteregtelike verbintenisse en daar geen registrasie van die verbintenis

---

40 Bekker, Labuschagne & Vorster *Regspluralisme* 22; Bekker en Coertze *Seymour's Customary Law* 105-109.

41 <http://www.humnet.ucla.edu>, asook Koyana *Customary Law* 5; De Koker 1996 *TRW* 80-81.

42 Koyana *Customary Law* 4.

43 Bekker, Labuschagne & Vorster *Regspluralisme*; Koyana *Customary Law* 5; De Koker 1996 *TRW* 80-81.

44 Olivier en Olivier *Bantoesprekendes* 78.

45 *Mtembu v Letsela* 1998 2 SA 675 (T); Van der Linde 1998 *De Jure* 380-384; Van Heerden 1998 *THRHR* 522-532; Bennet *Sourcebook* 232-233.

46 *Rex v Gutay* 1915 SR 49.

plaasgevind het nie, daar nie 'n wettige gewoonteregtelike huwelik tot stand gekom het nie. Die soort verbindings word geag 'n "free union" te wees en nie 'n wettige gewoonteregtelike huwelik en kom neer op "harbouring" of ontvoering van minderjarige meisies.

Die hof bevind dat elke gewoonteregtelike huwelik geregistreer moet wees en die *lobola* onderhandel en betaal moet wees. Die hof het die beskuldigde skuldig bevind aan die bogenoemde oortreding waarskynlik omrede hy die minderjarige meisie wou beskerm.<sup>47</sup>

---

47 Die hof het in *Rex v Gutay* 1915 SR 49 na soortgelyke sake verwys. Die sake het meestal onder ontvoering en 'n vorm van *ukuthwala* gehandel: In *Rex v Tanayiswa* (ongerapporteerde in *Rex v Gutay* par 15) het die partye vir drie jaar saamgewoon en het hul een minderjarige kind gehad. Die vader van die meisie is twee jaar na die aanvang van die saamwoonverhouding oorlede en haar broer is as haar voog aangestel. Die broer van die meisie het die hof genader met 'n klage van ontvoering. Die beskuldigde het geargumenteer dat daar 'n wettige gewoonteregtelike huwelik voltrek was al was *lobola* nog betaal nie. Die applikant was van mening dat sou die *lobola* betaal word, hy sou toestem tot die voltrekking van die gewoonteregtelike huwelik. Die hof bevind dat hier geen wettige gewoonteregtelike huwelik voltrek was nie omrede geen *lobola* betaal was nie en daarom het die beskuldigde hom skuldig gemaak aan 'n kriminele oortreding. In *Rex v Membgwe* (ongerapporteerde in *Rex v Gutay* par 20) die partye het vir agt maande saamgewoon en het 'n minderjarige kind gehad. Die vader van die meisie en die aanstaande skoonseun het onderhandel oor die betaling van *lobola*. Die helfte van die *lobola* was voor die sluiting van die huwelik betaal en die ander helfte sou na die registrasie van die gewoonteregtelike huwelik betaal word maar dit was nooit betaal nie. Ten tye van die saak was die gewoonteregtelike verbintenis nie geregistreer nie en die hof bevind dat die huwelik onwettig was. In *Rex v Nganingwe* (ongerapporteerde in *Rex v Gutay* par 21) het die partye saamgewoon en het hulle 'n minderjarige kind gehad. Die vader van die meisie het nie die nodige toestemming tot die huwelik gegee nie maar was wel bewus dat sy dogter en beskuldigde saamgewoon het. Die hof bevind dat in gevalle waar *lobola* nie betaal was nie en die gewoonteregtelike huwelik is nie geregistreer nie, word die huwelik as ongeldig en onwettig geag en maak die beskuldigde hom skuldig aan 'n strafregtelike vervolging. In *Rex v Gandiwa* (ongerapporteerde in *Rex v Gutay* par 22) word die beskuldigde aangekla dat hy 'n meisie ontvoer het. Die partye het weggeloo vir sewe maande en saamgewoon. Die meisie was op daardie stadium reeds ses maande swanger. Die vader van die meisie het nie sy toestemming gegee tot die voltrekking van die gewoonteregtelike huwelik nie maar het aan die hof openbaar dat hy sy toestemming sal gee sou die beskuldigde die *lobola* betaal. Die hof beslis dat hier geen wettige gewoonteregtelike huwelik bestaan nie omrede die *lobola* nie betaal was nie en omrede die partye nie die huwelik geregistreer het nie. In *Rex v Taruwana* (ongerapporteerde in *Rex v Gutay* par 23) het die hof beslis in 'n geval met soortgelyke feite, waar *lobola* nie betaal was nie, en die huwelik nie geregistreer was nie, die gewoonteregtelike huwelik nie bestaan nie en het tot gevolg dat die meisie in so 'n huwelik as 'n slaaf gesien word. In *Rex v Mshamba* (ongerapporteerde in *Rex v Gutay* par 25) het die partye saamgewoon, daar was twee minderjarige kinders gebore en daar was reeds ooreengekom dat *lobola* betaal sou word. Die partye se ouers het toegestem tot die gewoonteregtelike huwelik maar die verbintenis was nooit geregistreer nie. Die hof bevind om dié rede dat die gewoonteregtelike huwelik ongeldig en onwettig was.

*Lobola* word deur die 1998-Wet gedefinieer as eiendom in die vorm van geld of beeste wat die aanstaande man of hoof van familie onderneem om aan die toekomstige vrou se familie te oorhandig.<sup>48</sup>

#### 2.1.4 *Huwelikseremonie*

Die oorhandiging van die bruid en die formele seremoniële integrasie in die familie van die bruidegom is die finale vereiste vir die geldigheid van 'n gewoonteregtelike huwelik.<sup>49</sup> Die hoofdoel van die oorhandigingseremonie is om sigbaar aan te toon dat 'n huwelik voltrek is, *lobola* betaal is, en die meisie haar vaderhuis verlaat en by die man se familie aansluit. Die oordra is 'n seremoniële en rituele proses wat as 'n regsgeldige vereistes gesien word.<sup>50</sup> In *Mabuza v Mbata*<sup>51</sup> het die hof bevind dat daar geen rede bestaan om te glo dat die vereistes van 'n gewoonteregtelike huwelik kwytskeld kan word deur ooreenkoms nie.

Na die inwerkingtrede van die 1998-Wet bepaal artikel 3(1)(b) dat gewoonteregtelike huwelik onderhandel en gevier moet word (celebrated).<sup>52</sup> Waar 'n hof moet vasstel of 'n gewoonteregtelike huwelik onderhandel en gevier is moet die hof na die gewoontes en praktyke van die gemeenskap en/ of groepe aan wie die partye behoort gaan kyk. Die hof moet kyk of daar 'n fisiese oorhandiging en tradisionele troue plaasgevind het, asook die onderhandeling en betaling van *lobola*, al word *lobola* nie as 'n fisiese vereiste gesien nie.<sup>53</sup>

#### 2.1.5 *Registrasie*

Voor die 1998-Wet het die wetgewer die registrasie van gewoonteregtelike huwelike verskillend hanteer. Slegs Transkei en die KwaZulu-Natal Wetboeke

---

48 A 1 van die 1998-Wet.

49 Bekker *et al Regspluralisme*; Bennett *Sourcebook* 213.

50 Bennett *Sourcebook* 192-193; Bennett *Sourcebook* 215; Schapera *Tswana Law and Custom* 134.

51 *Mabuza v Mbata* 2003 4 SA 218 (KH) par 23.

52 A 3(1)(b) van die 1998-Wet.

53 A 3(1)(b)(ii) van die 1998-Wet.

het vir registrasie voorsiening gemaak.<sup>54</sup> Die howe het ook verskillende interpretasies aan die verskillende wette gegee.<sup>55</sup>

Artikel 31 van die *Transkei Huwelikswet* 21 van 1978 het voorsiening gemaak vir die registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik in gevalle waar 'n persoon wou eis vir skade by die dood van 'n eggenoot in 'n gewoonteregtelike huwelik.<sup>56</sup> Registrasie het plaasgevind wanneer die betrokke partye daarvoor aansoek by die kommissaris gedoen het. Indien registrasie nie plaas gevind het nie, het dit nie die geldigheid van die huwelik geaffekteer nie behalwe in KwaZulu Natal en in die Transkei waar registrasie wel die geldigheid van 'n gewoonteregtelike huwelik beïnvloed het.<sup>57</sup>

In gevalle waar die bestaan van 'n gewoonteregtelike huwelik in dispuut geplaas was, moes die howe hul diskresie gebruik om te bepaal of daar wel 'n gewoonteregtelike huwelik bestaan het of nie.<sup>58</sup> Die 1998-Wet maak voorsiening vir die registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik.<sup>59</sup> Die nie-registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik dien as 'n *prima facie* bewys van die bestaan van 'n gewoonteregtelike huwelik.<sup>60</sup> Registrasie van gewoonteregtelike huwelike vergemaklik slegs die bewys van die bestaan van 'n huwelik gesluit in die Republiek.<sup>61</sup> Gewoonteregtelike huwelike gesluit na 15 November 2000 is slegs geldig as dit aan die geldigheidsvereistes van die *Wet op Erkenning van Gewoonteregtelike Huwelike* voldoen. Die huwelike moet geregistreer word by

---

54 Bennett *Sourcebook* 78.

55 South African Law Commission 1997 HYPERLINK, asook Herbst *Gewoonteregtelike huwelike* 47. Sien ook 3 hierna.

56 A 31 van die *Transkei Huwelikswet* 21 van 1978 lui as volg: "No such claim for damages shall be enforceable by any person who claims to be a partner to a customary union with such deceased partner, unless (a) such person produces a certificate issued by a Commissioner stating the name of the partner, or in the case of a union with more than one woman, the names of the partners, with whom the deceased partner had entered into a customary union which was still in existence at the time of death of the deceased partner; and (b) such person's name appears on such certificate."

57 Olivier *et al Inheemse Reg* 26-27.

58 Bennett *Sourcebook* 78-79.

59 Olivier *et al Inheemse Reg* 7.

60 Bekker *et al Regspluralisme* 47; a 4(1) van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998.

61 Olivier *et al Inheemse Reg* 26-28.

die Departement van Binnelandse Sake, maar sou die huwelike nie geregistreer word nie, is daar geen sanksie wat intree nie.<sup>62</sup> Die plig rus op gades in 'n gewoonteregtelike huwelik om te verseker dat hul huwelik geregistreer word.<sup>63</sup> Enigeen van die gades is geregtig om die registrasiebeampte<sup>64</sup> te versoek om 'n gewoonteregtelike huwelik te registreer. Die betrokke gade moet die registrasiebeampte van die nodige besonderhede en dokumente<sup>65</sup> voorsien.<sup>66</sup>

In gevalle waar die gewoonteregtelike huwelik nie geregistreer was nie en daar geen geskrewe toestemming deur die partye is nie, ontstaan die vraag watter gevolge intree sou die huwelik nie bewys kan word.<sup>67</sup> Is daar 'n sanksie of straf wat intree sou 'n gewoonteregtelike huwelik nie geregistreer wees nie.

Voor die 1998-Wet het die howe sommige huwelike nietig verklaar as dit nie geregistreer was nie, en ander is in stand gehou. Daar is reeds verskeie hofsake oor die registrasievereiste voor en na die inwerkingtrede van die 1998-Wet beslis.

### 3 Interpretasie deur die howe

'n Seleksie van hofsake oor die registrasievereiste wat voor en na 2000 beslis is, gaan vervolgens in datumvolgorde bespreek word ten einde die howe se interpretasie van dié vereiste aan te toon.<sup>68</sup>

---

62 Bakker 2007 *THRHR* 481; Bonthuys 2001 *THRHR* 192-217.

63 A 4(2) van die 1998-*Wet*.

64 'n Registrasiebeampte is 'n persoon wat *ex officio* optree binne sy/haar magte soos voorgeskryf deur die *Huwelikswet* van 1961 en wat by magte is om huwelike te registreer.

65 Die registrasiebeampte moet voorsien word met die volgende nodige inligting en dokumente om die gewoonteregtelik huwelik te registreer naamlik: van en naam van die partye, geboortedatums, identiteitsnommers, telefoon nommers, woon- en werksadresse, geboortesertifikate, identiteitsdokumente asook sou daar enige kinders wees hul geboortesertifikate volledige besonderhede volgens artikel 31 van die *Transkei se Huwelikswet*.

66 A 4(3) van die *Wet op Erkennung van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998; sien ook Bekker, Labuschagne & Vorster *Regspluralisme* 47.

67 A 25(2) van die *Huwelikswet*.

68 Sien 3.

### 3.1 Voor 2000

Daar was 'n aantal sake voor 1983 waar nie-registrasie van gewoonteregtelike huwelike ter sprake gekom het. Die sake het hoofsaaklik van die betaling van *lobola* gehandel.<sup>69</sup> Die eerste sake wat met die registrasie van gewoonteregtelike huwelike gehandel het, is in 1983 gerapporteer.<sup>70</sup> Daarna het verskeie sake gevolg, wat nou ondermeer bespeek gaan word:

In *Msoni NO v Nsusa*<sup>71</sup> het 'n weduwee vir verlies van onderhoud geëis na die nalatige veroorsaking van haar eggenoot se dood. Die gewoonteregtelike huwelik tussen die oorledene en die applikant was in 1980 voltrek gewees. 'n Huweliksertifikaat was drie dae na die seremonie deur die partye asook die destydse kommissaris onderteken. Die hof het bevind dat daar aan die nodige registrasievereiste voldoen is om te bewys dat die huwelik bestaan, al was daar nie op die spesifieke dag van die huwelik aan die formele vereistes voldoen nie.<sup>72</sup> Deur die hof se bevinding vind die reg van die weduwee dus beskerming.

In *Mgoqi v Protea Assurance Co Ltd*<sup>73</sup> het die hof ondermeer gekyk na artikel 31(2) van die *Wysigingswet op Swartwetgewing 76* van 1963 waarin bepaal is dat waar 'n persoon skadevergoedingseis na die dood van 'n eggenoot, so 'n eis slegs kan slaag as bewys kan word dat die gewoonteregtelike huwelik geregistreer is, in die vorm van 'n sertifikaat uitgereik deur 'n kommissaris. In dié saak was die gewoonteregtelike huwelik nie geregistreer by tye van die dood van die oorledene nie maar eers vier weke daarna.<sup>74</sup> Die eiseres nader die hof met 'n skadevergoedingseis teen die verweerder, 'n versekeringsmaatskappy. Die verweerder argumenteer dat die gewoonteregtelike huwelik tussen die oorledene en die eiseres ongeldig is omrede die gewoonteregtelike huwelik nie by die dood

---

69 Sien 3.1.2.

70 *Msoni v Nzuza* 1983 3 SA 93 (D).

71 *Msoni v Nzuza* 1983 3 SA 93 (D) par 34.

72 *Msoni v Nzuza* 1983 3 SA 93 (D) par 46.

73 *Mgoqi v Protea Assurance Co Ltd* 1985 2 All SA 443 (K).

74 De Kock & Labuschagne 2000 *THRHR* 114-120. Sien Pienaar 2006 *Stell LR* 314-331 vir 'n duidelike uiteensetting en die posisie as dit kom by die afhanklike by die dood van 'n eggenoot.

van die oorledene geregistreer was nie.<sup>75</sup> Die eiseres was van mening dat die huwelik wel geregistreer was, al was dit eers na die oorledene se dood. Die hof bevind dat daar bepaal moet word of die *lobola* onderhandelinge afgehandel was en *lobola* betaling plaasgevind het.<sup>76</sup> Volgens die hof was hier geen geldige gewoonteregtelike huwelik nie omrede *lobola* nie betaal was. Die registrasie-sertifikaat kan nie as enigste bewys dien dat die gewoonteregtelike huwelik bestaan nie omrede bedrog maklik na vore kan kom.<sup>77</sup> Die hof maak in hierdie geval geen bevinding oor die vrouens wat moontlik weerloos gelaat kan word as gevolg van die nietigverklaring van die huwelik nie.

In *Dlikilili v Federated Insurance Co Ltd*<sup>78</sup> eis die applikant vir die verlies van onderhoud vir haar minderjarige kind na die dood van die broodwinner.<sup>79</sup> Die respondent beweer dat die gewoonteregtelike huwelik wat in 1981 tussen die oorledene en die applikant wettig was, al was daar geen geldige huweliksertifikaat was nie.<sup>80</sup> Die hof vind dat buite KwaZulu-Natal daar nie aan die registrasie vereiste voldoen moes word vir 'n gewoonteregtelike huwelik om geldig te wees nie.<sup>81</sup> Die hof se uitspraak het tot gevolg gehad dat die eiendom van die oorledene beskerming ontvang (*safeguard*).<sup>82</sup> Net soos in die *Msoni*-saak wil dit voorkom asof die hof die huwelik eerder in stand hou as om die afhanklikes gebore uit 'n gewoonteregtelike huwelik te benadeel.

In *Monamodi v Sentraoer Co Operative Ltd*<sup>83</sup> het die eiseres verlies van onderhoud asook skadevergoeding vanaf die verweerder geëis, 'n versekeringsmaatskappy, na die dood van die hoof broodwinner. Die verweerder was van mening dat daar nie 'n geldige gewoonteregtelike huwelik gesluit tussen haar (eiseres) en die oorledene was. Die eiseres het geargumenteer dat die

---

75 *Mgoqi v Protea Assurance Co Ltd* 1985 2 All SA 443 (K) par 12.

76 *Mgoqi v Protea Assurance Co Ltd* 1985 2 All SA 443 (K).par 14.

77 A 31(2) van die *Wysigingswet op Swartwetgewing* 76 van 1963.

78 *Dlikilili v Federate Insurance Co Ltd* 1983 2 SA 275 (K) par 18.

79 Itv die *Skadevergoedings Wet* 34 van 1956.

80 *Dlikilili v Federate Insurance Co Ltd* 1983 2 SA 275 (K) 44.

81 *Dlikilili v Federate Insurance Co Ltd* 1983 2 SA 275 (K) 44B

82 *Dlikilili v Federate Insurance Co Ltd* 1983 2 SA 275 (K) 45A.

83 *Monamodi v Sentraoer Co Operative Ltd* 1984 4 SA (K) 845 231B-C.

oorledene 'n verpligting gehad het teenoor haar en hul afhanklikes, afgesien daarvan of die huwelik geregistreer was of nie. Die hof bevind dat die bewoording van 'n huweliksertifikaat irrelevant was waar bewys moes word of 'n gewoonteregtelike huwelik wel bestaan. Al sou daar nie 'n huweliksertifikaat wees vir die huwelik wat gesluit was nie, sou dit nie noodwendig beteken die gewoonteregtelike huwelik ongeldig was nie. Die hof bevind dat die huweliksertifikaat slegs as bewys dien dat die huwelik bestaan en waar die bestaanbaarheid van 'n huwelik in dispuut is moet die hof die posisie van die afhanklikes in ag neem.<sup>84</sup> Dit wil voorkom asof die hof ook hier die bestaande huwelik eerder in stand gehou het as om die afhanklikes te benadeel.

In *Kwitshane v Magalela*<sup>85</sup> het die applikant die hof versoek om die huwelik tussen die eerste respondent en die oorledene, wat gesluit was in 1996, ongeldig te verklaar.<sup>86</sup> Die rede vir die versoek was sodat die eerste respondent nie van die oorledene se boedel kon erf nie.<sup>87</sup> Die hof beslis dat dit die wetgewer van die voormalige Transkei se bedoeling was dat volle erkenning verleen moes word aan gewoonteregtelike huwelike. Huwelike moet volgens die hof registreer word vir publisiteitsdoeleindes asook om die geleentheid te skep vir die aanhoor van besware teen die voorgenome huwelik.<sup>88</sup> Die hof verklaar die huwelik nietig omdat die tradisionele registrasievereiste nie nagekom was nie wat tot gevolg het dat die eerste respondent nie geregtig is op die erfregtelike voordeel wat verdeel na die dood van die oorledene nie.<sup>89</sup> Dit het tot gevolg dat die eerste respondent se kinders nie geregtig is op die voordeel wat verdeel na die dood, wat nadelige implikasies inhou soos finansiële verlies van die familielede.

In 1999 is daar in *Road Accident Fund v Mongalonkabinde*<sup>90</sup> beslis dat 'n eggenoot van 'n gewoonteregtelike huwelik, wat gesluit was in 1998, geregtig is

---

84 *Monamodi v Sentraboer Co Operative Ltd* 1984 4 SA (K) 845 235 D.

85 *Kwitshane v Magalela* 1998 4 SA 610 (T) 22 A.

86 *Kwitshane v Magalela* 1998 4 SA 610 (T) 25 B-C.

87 *Kwitshane v Magalela* 1998 4 SA 610 (T) 25 C-D.

88 *Kwitshane v Magalela* 1998 4 SA 610 (T) par 26.

89 Herbst *Gewoonteregtelike huwelike* 48.

90 *Road Accident Fund v Mongalonkabinde* 1999 4 SA 610 (Tk) par 13.

om skadevergoeding te eis waar haar eggenoot nalatig gedood is.<sup>91</sup> Die enigste vereiste was dat die partye wettige partye tot 'n gewoonteregtelike huwelik moes wees, soos dit gedefinieer is in artikel 35 van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927; dat die party 'n geldige huweliksertifikaat moes besit wat deur die destydse kommissaris uitgereik was en dat die sertifikaat die naam of name van die eggenoot of eggenote wat partye tot die gewoonteregtelike huwelik was, moes aantoon.<sup>92</sup> Die verweerder het die argument geopper dat die sertifikaat slegs as *prima facie* bewys dien dat die huwelik bestaan.<sup>93</sup> Die hof wys die argument van die verweerder van die hand en toon dat 'n huweliksertifikaat as 'n onweerlegbare bewys geld dat die gewoonteregtelike huwelik bestaan en dat verdere bewyse van die bestaan van die huwelik onnodig is.<sup>94</sup> In die aangeleentheid kon die partye nie 'n geldige huweliksertifikaat toon nie en daarom was die gewoonteregtelike huwelik nietig geag deur die hof. Die hof se beslissing kom ooreen met die *Mgoqi*-saak in die sin dat die hof bevind dat die huweliksertifikaat se doel is om bedrog te voorkom. Die gevolg van die bevinding was dat die weduwee en haar afhanklikes geen eis vir onderhoud teen die versekeringsmaatskappy het nie en dus weerloos gelaat was.

### ***3.2 Na 2000***

Na 2000 was die hof baie meer bereid om gewoonteregtelike huwelike sonder die nodige registrasie te erken. 'n Moontlike rede hiervoor is die feit dat artikel 4 van die 1998-Wet bepaal dat registrasie nie 'n vereiste is nie.<sup>95</sup> Ten spyte van die bepaling in die Wet het die hof egter steeds teenstrydige uitsprake gelewer.

In *Baadjies v Matubela*<sup>96</sup> het die hof bevind dat die applikant moes bewys dat haar gewoonteregtelike huwelik bestaan en sou sy dit kon bewys, is sy geregtig

---

91 *Road Accident Fund v Mongalonkabinde* 1999 4 SA 610 (Tk) par 16.

92 *Road Accident Fund v Mongalonkabinde* 1999 4 SA 610 (Tk) par 17.

93 *Road Accident Fund v Mongalonkabinde* 1999 4 SA 610 (Tk) par 18.

94 *Road Accident Fund v Mongalonkabinde* 1999 4 SA 610 (Tk) par 23.

95 Sien 2.1.5 hierbo.

96 *Baadjies v Matubela* 2002 JOL 9404 (W) par 1.

op die tussentydse vergoeding wat haar sou toekom by 'n egskeidings bevel.<sup>97</sup> Die huwelik was in 1995 gesluit tussen die applikant en die respondent. Die applikant het aansoek gedoen by die hof vir tussentydse vergoeding. Die respondent (haar man volgens gewoontereg) was van mening dat die gewoonteregtelike huwelik tussen hul nie wettig was nie, omrede die huwelik nie geregistreer was nie. Die hof het in dié saak bevind dat die nie-registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik nie as 'n geldigheidsvereiste gesien kan word nie.<sup>98</sup> In gevalle waar 'n gewoonteregtelike huwelik nie geregistreer was nie, beteken dit nie *per se* dat die huwelik nietig is nie. Die registrasie dien slegs as 'n *prima facie* bewys dat die huwelik bestaan en tas nie die geldigheid van die huwelik aan nie.<sup>99</sup> Die hof bevind hier dat die gewoonteregtelike huwelik voltrek tussen die partye wel wettig geag is sodat die applikant en haar afhanklikes die voordeel ontvang wat hul toekom, al was die huwelik nie volgens die gewoontereg geregistreer nie.

In die *Wormald NO v Kambule*<sup>100</sup> bevind die hof die volgende ten opsigte van 'n dispuut rondom die geldigheid van 'n gewoonteregtelike huwelik:

I do not intend to deal fully with my reasons for agreeing with that conclusion. Broadly, I wish to merely point out that in my view the intention of the Legislator in the Recognition of Customary Act was to recognise the values and *bona mores* of the Xhosa people who have from time immemorial accepted customary unions as a valid marriage. An attempt has already been made under the previous dispensation to acknowledge such marriages in the *Black Administration Act* 38 of 1927, and to regulate certain consequences of such marriages. The requirement that such marriages be registered has in my opinion merely as its aim to exercise control over such marriages so as to ensure legal clarity for the existence of such marriages in the event of perhaps disputes whether such marriages in fact exist. The failure to register any such marriage cannot in my view affect the validity of any such marriage if it had taken place in accordance with the customs followed by the community in solemnizing any such marriages. Should the validity depend on registration the question arises as to what the status of the customary marriage will be until such time as it is registered. If this is correct, the question arises as to what the consequences of any such

---

97 *Baadjies v Matubela* 2002 JOL 9404 (W) par 5; sien ook Reël 43 van die Hooggeregshof-reëls.

98 *Baadjies v Matubela* 2002 JOL 9404 (W) par 6.

99 A 4 van die *Wet op Erkennung van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998.

100 *Wormald v Kambule* 2004 3 All SA 629 (HHA) par 6.

marriage will be until it is registered. The failure to register is not given as a ground for a declaration of nullity as envisaged in section 49 of the *Black Administration Act*. Furthermore, the question arises as to when a marriage must be registered since no period is prescribed within which it must be registered. In my view the failure to register a customary marriage does not affect the validity of the customary marriage.

Die hof was nie bereid om met die kulturele aard van die huwelik in te meng en die huwelik nietig te verklaar bloot omdat 'n regsformaliteit nie nagekom was nie. Die hof erken die gewoonteregtelike huwelik bloot om nie met die kulturele praktyke in te meng nie. As die hof hierdie huwelik nietig sou bevind het, sou die gevolge moontlik katastrofies gewees het. Die partye tot die gewoonteregtelike huwelik sou in 'n slegter posisie geplaas gewees het as waarin hul voor die huwelik was.

In *Kambule v The Master*<sup>101</sup> in die Oos-Kaapse Hooggeregshof het die vraag ontstaan of die partye 'n geldige gewoonteregtelike huwelik gesluit het waar die huwelik nie geregistreer was nie. Op 3 Oktober 1956 het die oorledene (Burton) met Norah Baduza volgens die *Swart Administratiewewet* 38 van 1927 getrou. Norah was die derde respondent in die saak.<sup>102</sup> Die applikant het beweer dat sy en die oorledene gedurende 1985 in die Transkei saamgewoon het en dat hy haar gedurende hierdie tydperk gevra het om met hom te trou. Die applikant het aanvaar dat sy en die oorledene getroud was nadat sekere gewoonteregtelike gebruike voltrek was. Sy het openbaar dat hul nie hul huwelik geregistreer het soos van hul verwag was in terme van die *Transkei se Huwelikswet* 21 of 1978 nie. Die applikant het verder getuig dat Burton haar in 1987 van verblyf voorsien het in 'n huis waarvan hy die eienaar was en waarvan hy op 'n latere stadium die eienaarskap aan haar oorgedra het.<sup>103</sup>

Na die oorledene se dood, is die tweede respondent aangewys as die eksekuteur van sy boedel. Die bestaan en die geldigheid van die applikant se

---

101 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (OK).

102 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (OK) 637C-D.

103 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (OK) 638E-F.

huwelik met die oorledene was in dispuut.<sup>104</sup> Die tweede respondent het huurgeld geëis vanaf die applikant vir die okkupasie van die huis waarin sy gewoon het. Die applikant het geweier om die huur te betaal en dit het veroorsaak dat die respondent vir 'n uitsettingsbevel aansoek gedoen het. Hy het beweer dat die gewoonteregtelike huwelik tussen die applikant en die oorledene nietig (*ab initio*) was op grond daarvan dat dit nooit geregistreer was nie. Die applikant het gevolglik geen reg gehad om die eiendom te okkupeer nie.<sup>105</sup> Die hof se bedoeling was om eerder die eiendom te beskerm as om die weduwee.

In *Maluleke v The Minister of Home Affairs*,<sup>106</sup> 'n Gauteng saak, was die persone getroud volgens gewoonteregtelike gebruike. Die partye het reeds die *lobola* onderhandelinge afgehandel en die eerste en tweede betalings van die *lobola* is betaal. Voor die finalisering van die *lobola* onderhandelinge en betalings is Dumakude Patrick Mtshali (eggenoot) oorlede.<sup>107</sup> Na die dood van die Dumakude is 'n huweliksertifikaat uitgereik wat toon dat die oorledene en die tweede verweerder getroud was volgens gewoonteregtelike gebruike.<sup>108</sup> Alhoewel die partye getroud was volgens die gewoontereg, was daar geargumenteer dat die huwelik nie geldig was nie, omrede daar geen oorhandiging van die bruid aan die bruidegom was nie.<sup>109</sup> Die tweede verweerder het beweer dat die voltooiing van die onderhandelingsproses (*imvume*) tussen die partye nie 'n geldigheidsvereiste vir 'n gewoonteregtelike huwelik is nie.<sup>110</sup> Vir 'n gewoonteregtelike huwelik om geldig te wees, moet dit ooreenstem met artikel 3(1)(b) van die 1998-Wet.<sup>111</sup> Die huwelik moes onderhandel wees, gesluit wees en feesviering moes plaasgevind. Ten tye van die oorledene se dood was die tweede verweerder as die vrou van die oorledene

---

104 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (OK) G 638

105 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (OK) 638 I.

106 *Maluleke v The Minister of Home Affairs* (2008) ZAGPHC 129 par 2.

107 *Maluleke v The Minister of Home Affairs* (2008) ZAGPHC 129 par 5.

108 *Maluleke v The Minister of Home Affairs* (2008) ZAGPHC 129 par 8.

109 *Maluleke v The Minister of Home Affairs* (2008) ZAGPHC 129 par 11.

110 *Maluleke v The Minister of Home Affairs* (2008) ZAGPHC 129 par 15.

111 A 3(1)(b) van die 1998-Wet.

beskou.<sup>112</sup> Die hof beslis dat die huweliksertifikaat wat deur die registrasiebeampte uitgereik word, as 'n *prima facie* bewys dien dat die huwelik bestaan het.<sup>113</sup> Sou die partye in 'n gewoonteregtelike huwelik nie die huwelik registreer nie, beïnvloed dit nie die geldigheid daarvan nie en is die huwelik nie nietig nie.<sup>114</sup> In dié geval is die gewoonteregtelike huwelik wat voltrek is, as wettig geag.<sup>115</sup> Die hof het deur die bevinding verseker dat die weduwee in staat gestel is om te erf vanaf die oorledene se dood.

In *Ndlovu v Mokoena and Others*<sup>116</sup> het die applikant (Mihloti) beweer dat sy die oorledene se enigste eggenoot was. Sy het op 1995 met die oorledene 'n gewoonteregtelike huwelik gesluit. Sy het aansoek gedoen dat die gewoonteregtelike huwelik tussen die eerste respondent (Velaphi) en die oorledene wat in 1991 voltrek was, nietig sou wees.<sup>117</sup> Na die oorledene se dood was daar 'n pensioenvoordeel wat uitbetaal moes word aan die eggenoot van die oorledene. As die eerste huwelik met Velaphi geldig sou wees, sou dit beteken dat die pensioenvoordeel in die helfte verdeel sou moes word tussen die twee vroue. Die huwelik tussen die oorledene en Velaphi was dus in dispuut geplaas.<sup>118</sup>

Daar was twee huweliksertifikate voor die hof geplaas, een van Velaphi en die ander van Motloti.<sup>119</sup> Albei die sertifikate was na die dood van die oorledene deur dieselfde persoon uitgereik.<sup>120</sup> By die sertifikaat van Velaphi is die *lobola* onderhandeling aangeheg. Velaphi het openbaar dat die oorledene se familie R1 500 van die R8 000 *lobola* voor sy dood aan haar familie betaal het en die res is later betaal (na die oorledene se dood).<sup>121</sup> Velaphi het nie geweet van die

---

112 *Maluleke v The Minister of Home* (2008) ZAGPHC 129 par 22.

113 A 4(8) van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998.

114 A 4(9) van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998, asook a 11(3) van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927.

115 *Maluleke v The Minister of Home Affairs* (2008) ZAGPHC 129 par 25.

116 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) ZAGPPHC 29 par 4.

117 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) ZAGPPHC 29 par 15.

118 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 401B-C.

119 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 401C.

120 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 402D.

121 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 403D-E.

bestaan van die oorledene se tweede huwelik nie.<sup>122</sup> Motloti het beweer dat sy nie bewus was van die huwelik tussen die oorledene en Velaphi nie, maar dat sy wel geweet het van die twee kinders wat die oorledene by Velaphi gehad het.<sup>123</sup>

Die hof het in die bogenoemde beslissing bevind dat buiten die betaling van *lobola*, daar ander vereistes is waaraan voldoen moes word voordat 'n gewoonteregtelike huwelik as geldig geag kan word.<sup>124</sup> Die hof het bevind dat daar geen bewyse was van 'n geldige gewoonteregtelike huwelik tussen die oorledene en Motloti was nie omrede *lobola* nie betaal was nie.<sup>125</sup> Sou die huwelik geregistreer wees, sou dit help om te kon bewys dat die huwelik wel bestaan.<sup>126</sup> Velaphi was beskou as die enigste eggenoot van die oorledene en die huweliksertifikaat tussen die oorledene en die eerste respondent (Motloti) was as nietig gesien. Die gevolg wat intree by die erkenning van die gewoonteregtelike huwelik het tot gevolg dat die wettige eggenoot, Velaphi die pensioenvoordeel ontvang omrede sy gesien was as die enigste wettige eggenoot van die oorledene. Motloti wie se huwelik nie geregistreer was nie het geen voordeel ontvang nie.<sup>127</sup>

In *M v D*,<sup>128</sup> 'n Gauteng saak, het die applikant aansoek gedoen dat die gewoonteregtelike huwelik tussen die oorledene en die respondent, wat voltrek was in 2000, nie as wettig geag word nie as gevolg van die registrasie wat eers drie dae na die dood van die applikant plaasgevind het. Die applikant wou voorkom dat die respondent 'n erfregtelike voordeel uit die oorledene se boedel ontvang.<sup>129</sup> Die hof het bevind dat daar wel 'n wettige gewoonteregtelike huwelik bestaan het, al was die huwelik eers later geregistreer.<sup>130</sup> Die rede vir die hof se beslissing was dat die registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik nie die

---

122 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 404E.

123 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 404E-G.

124 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 404G.

125 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 405H.

126 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 par 405H-I.

127 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) [2009] ZAGPPHC 29 p 405.

128 *M v D* 2010 JDR 0828 (GSJ) par 30.

129 *M v D* 2010 JDR 0828 (GSJ) par 32.

130 *M v D* 2010 JDR 0828 (GSJ) par 33.

bestaanbaarheid van die gewoonteregtelike huwelik aantas nie. Sou elke huwelik wat voor 'n hof kom wat nie geregistreer was nie se geldigheid ondersoek word, sou die meeste gewoonteregtelike huwelike ongeldig geag word. Volgens die hof was dit nie die wetgewer se bedoeling dat dit moet gebeur nie<sup>131</sup>

In *Maloba v Dube & Others*<sup>132</sup> het die applikant aansoek gedoen dat die hof die gewoonteregtelike huwelik tussen die oorledene en die eerste respondent ongeldig verklaar sodat die eerste respondent nie 'n erfregtelike voordeel as wettige eggenoot ontvang nie.<sup>133</sup> Die applikant was van mening dat daar nie aan al die nodige vereistes voldoen word nie soos betaling van *lobola* en die registrasie van die gewoonteregtelike huwelik. Die hof bevind dat sou die gewoonteregtelike huwelik nie geregistreer word nie, dit nie die huwelik nietig maak nie, maar slegs as 'n *prima facie* bewys geld dat die huwelik wel bestaan.<sup>134</sup> Die registrasie dien as hulpmiddel om te help bewys dat 'n gewoonteregtelike huwelik bestaan. Waar gewoonteregtelike huwelike nie daaraan voldoen nie beteken dit nie dat die huwelik nietig is nie. Die hof bevind dat die huwelik wel wettig geag word as die huwelik nie geregistreer was nie. Die hof wou waarskynlik toesien dat die eggenoot die erfregtelike voordeel ontvang wat haar toekom na die dood van haar eggenoot.

Dit wil voorkom asof die howe as gevolg van die bewoording van die 1998-Wet na 2000 meer bereid was om gewoonteregtelike huwelike te erken ten opsigte van die nie-registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik. Die howe het die wet eerder uitgelê ten opsigte van die behoud van die huwelike en het aan die gevolge van die huwelike gevolg gegee, eerder as om dit nietig te verklaar. In 'n paar gevalle egter het die nietigverklaring van die huwelik wel tot nadeel van

---

131 *M v D* 2010 JDR 0828 (GSJ) par 3.

132 *Maloba v Dube* 2010 JOL 25852 (GSJ) par 5 & 18.

133 *Maloba v Dube* 2010 JOL 25852 (GSJ) par 6

134 *Maloba v Dube* 2010 JOL 25852 (GSJ) par 23.

vrouens en kinders geskied soos in *Kambule v The Master*<sup>135</sup> en ook in *Ndlovu v Mokoena*.<sup>136</sup>

#### 4 Rol van die boedelbeplanner

Dit is belangrik vir 'n boedelbeplanner om kennis te neem van die implikasie van die nie-registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik wanneer hy of sy 'n boedel beplan.

'n Boedelbeplanner se hoofdoel is om na sy of haar kliënt se belange om te sien en om sy of haar bates op die bes moontlike manier te beskerm en te bestuur.<sup>137</sup> Deur boedelbeplanning verseker 'n boedelbeplanner dat sy kliënt se bates en finansiële voordeel verdeel aan die persone aan wie hy/sy verkies en so voorsien 'n boedelbeplanner dat die beste finansiële voordeel aan sy kliënt toekom.<sup>138</sup>

Tradisioneel het 'n boedelbeplanner vyf hoofdoelwitte:<sup>139</sup> Die eerste doelwit vir 'n boedelbeplanner is om te voorsien dat jou kliënt steeds kan voorsien aan sy of haar afhanklikes tydens die lewe. Die tweede doelwit is om te verseker die eiendom wat aan die begunstigdes wie die kliënt verkies verdeel. Derdens moet 'n boedelbeplanner toesien dat alle minderjarige kinders toesig en beheer het na die dood van die kliënt. Die vierde doelwit van 'n boedelbeplanner is om die regsproses waar die eienaarskap van bates oorgedra word aan die begunstigdes noukeurig te gebruik en laastens moet 'n boedelbeplanner sover moontlik die boedel van sy of haar kliënt so beplan dat daar so min moontlike belasting betaalbaar is op die boedel.<sup>140</sup>

Wanneer 'n boedelbeplanner egter kliënte het wat gewoonteregtelik getroud is, behoort hy of sy addisionele doelwitte te stel. Die 1998-Wet en die houe se interpretasie van die registrasievereiste het meegebring dat die boedelbeplanner eers 'n paar ander vrae ook sal moet stel. Waar 'n boedelbeplanner met sy of

135 *Kambule v The Master* 2007 3 SA 403 (O).

136 *Ndlovu v Mokoena* (2973/09) 2009 ZAGPPHC.

137 A 2 van die *Boedelbelastingswet* 45 van 1955.

138 A 4 *Boedel Wet* 66 van 1965.

139 A 13 *Boedel Wet* 66 van 1965.

140 A 18 *Boedel Wet* 66 van 1965.

haar kliënt konsulteer is dit van belang dat die boedelbeplanner vasstel of die persone voor hom of haar volgens die gewoontereg getroud is of dan nie. In gevalle waar die kliënt wel volgens die gewoontereg getroud is moet die boedelbeplanner bepaal of die huwelik geregistreer is volgens die 1998-Wet. Die boedelbeplanner moet ook verder vasstel of die partye nie moontlik by enige ander gewoonteregtelike huwelik betrokke is nie. Sou die boedelbeplanner versuim om dit te doen en een van die kliënte sterf, mag die oorlewende party en of hulle kinders finansieel benadeel. Indien die huwelik nie geregistreer is nie, moet 'n boedelbeplanner sy of haar kliënt aanbeveel om so gou doenlik die gewoonteregtelike huwelik te registreer sodat die geldigheid van die huwelik vasstaan.<sup>141</sup>

## 5 Samevatting en gevolgtrekking

Daar bestaan verwaring tussen die Suid-Afrikaanse howe as dit kom by die nie-registrasie van 'n gewoonteregtelike huwelik en die geldigheid daarvan. 'n Gewoonteregtelike huwelik kan omskryf word as 'n huwelik wat gesluit word na aanleiding van 'n spesifieke groep se gewoontes en gebruike en die saamlewe van 'n man en vrou in 'n egtelike verhouding ooreenkomstig die gewoontes en gebruike van die Swart reg, waar die man of die vrou 'n party tot 'n bestaande gemeenregtelike huwelik was nie.<sup>142</sup>

Die vereistes vir 'n geldige gewoonteregtelike huwelik voor 2000 was dat die familiegroepe tot die gewoonteregtelike huwelik die nodige toestemming tot die huwelik moes gee. Daar was geen ouderdomsvereiste voor die 1998-Wet nie, *lobola* onderhandelinge moes plaasgevind het en die bruid moes fisies oorhandig aan die bruidegom gewees het. Registrasie was nie 'n vereiste voor die inwerkingtrede van die 1998-Wet nie behalwe in KwaZulu-Natal en Transkei.<sup>143</sup>

Die vereistes vir 'n geldige gewoonteregtelike huwelik na die inwerkingtrede van die 1998-Wet in 2000 is dat die partye tot die gewoonteregtelike huwelik moes

---

141 A 5 van die *Boedelbelastingswet* 45 van 1955.

142 Mndaweni 1990 *CILSA* 360 asook a 12 van die *Huwelikswet* 25 van 1961.

143 Sien 2 hierbo.

toegestem het tot die sluit van die huwelik, die partye ten minste 18 jaar oud moet wees, die huwelik moes onderhandel en gevier (*celebrated*) wees. Registrasie is na 2000 'n vereiste vir 'n geldige gewoonteregtelike huwelik, maar sou 'n huwelik nie geregistreer wees nie maak dit nie die huwelik nietig nie want die registrasie dien volgens die 1998-Wet slegs as 'n *prima facie* bewys dat die huwelik bestaan.<sup>144</sup>

Ten spyte van dié bepaling, verskil die howe steeds in hul interpretasie of 'n gewoonteregtelike huwelik geregistreer moet wees of nie.<sup>145</sup> Die doel van hierdie studie was om te bepaal wat die invloed van nie-registrasie van gewoonteregtelike huwelike op boedelbeplanning is. 'n Boedelbeplanner moet kennis neem van die howe se interpretasie van die gevolge wat intree sou 'n gewoonteregtelike huwelik nie geregistreer wees voor en na die inwerkingtrede van die 1998-Wet. Daar het heel wat verwarring binne en buite KwaZulu-Natal en die Transkei bestaan oor die geldigheid van die gewoonteregtelike huwelike as dit nie geregistreer was nie. Dit het aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid hofsake wat as volg opgesom kan word.<sup>146</sup>

Tabel 1: Opsomming van hofsake oor nie-registrasie

---

144 Sien 2 hierbo.

145 Sien 3 hierbo.

146 Sien 3 hierbo.

SAAK	SAAK GERAPPOR-TEER	JURISDIKSIE	AARD VAN DIE SAAK	GEVOLGE VAN DIE NIE-REGISTRASIE	REDES VAN HOF
<i>Rex v Gutay</i>	1915	Suid-Rhodesië	Strafregtelike vervolging en ontvoering	Die hof bevind dat in sake waar die <i>lobola</i> nie betaal is nie en geen ouer toestem nie, is daar geen gewoontereg telike huwelik nie	<i>Lobola</i> was volgens die howe een van die belangrikste vereiste waaraan voldoen moes word. Die hof wou waarskynlik minderjariges beskerm.
<i>Dlikilili v Federated Insurance Co Ltd</i>	1983	Oos-Kaap	Verlies van onderhoud by die dood van broodwinner	Buite Natal hoef daar nie aan registrasievereiste voldoen word vir gewoontereg telike huwelik om geldig te wees	Waar dit kom by die beskerming van die vrou en haar afhanklikes het die hof die benadering gevolg om die huwelik in stand te hou om die afhanklikes en die weerlose vrou te beskerm.
<i>Monamodi v Sentra boer Co Operative Ltd</i>	1984	Oos-Kaap	Verlies van onderhoud by die dood van broodwinner en eis vir skadevergoeding	Registrasie van gewoontereg telike huwelik is irrelevant vir die geldigheid van huwelik	Die hof se benadering waar afhanklikes betrokke is by 'n gewoontereg telike huwelik is om die huwelik geldig te ag omrede die afhanklikes daaronder sal lei as dit nie gebeur nie.
<i>Mgoqi v Protea Assurance</i>	1986	Oos-Kaap	Skadevergoedingseis	Geen gewoontereg telike huwelik voor die hof omrede <i>lobola</i> nie betaal was nie	Die hof is van mening dat die huweliksertifikaat tot bedrog kan lei en daarom was dit nie as vereiste geag nie. Die hof het die weerlose eggenote eerder die nodige beskerming te gebied en daarom die huwelik in stand gehou.
<i>Kwitsane v Magalela</i>	1998	Transvaal	Erfregtelike gevolge by die eise teen boedel	Gewoontereg telike huwelik is ongeldig by nie-registrasie	Die hof is versigtig om 'n gewoontereg telike huwelik wettig te ag waar daar boedel bates is wat verdeel. Die hof poog om te voorkom dat die bates verdeel aan persone wat nie daarop geregtig is nie.
<i>RAF v Mongalonkabinde</i>	1999	Transkei	Skadevergoeding wat eggenoot toekom na die nalatige veroorsaking van eggenoot se dood	Registrasiesertifikaat dien as onweerlegbare bewys dat gewoontereg telike huwelik bestaan	Die hof bevind die sertifikaat voorkom bedrog en daarom is die huwelik nietig.
<i>Baadjie v Matubela</i>	2002	Gauteng	Tussentydse onderhoud by	Registrasie tas nie die geldigheid van	Hof was meer toegeeflik waar daar afhanklikes

SAAK	SAAK GERAPPOR-TEER	JURISDIKSIE	AARD VAN DIE SAAK	GEVOLGE VAN DIE NIE-REGISTRASIE	REDES VAN HOF
			egskeiding	gewoonteregtelike huwelik aan nie	was by 'n gewoonteregtelike huwelik.
<i>Wormald No &amp; Others v Kambule</i>	2004	Hooggeregshof van Appèl		Nie-registrasie van gewoonteregtelike huwelik kan nie die bestaanbaarheid daarvan aantast nie	Die hof is nie bereid om met die kulturele aard van die huwelik in te meng en die huwelik nietig te verklaar bly agv formele registrasievereistes nie.
<i>Kambule v The Master and Others</i>	2007	Oos-Kaapse Hooggeregshof	Uitsetting / Okkupasie	Gewoonteregtelike huwelik moet geregistreer wees	Sou 'n huwelik nie geregistreer wees nie, is die huwelik nietig. Dit hof se bedoeling was om die bates van oorledene te beskerm eerder as om die "weduwee".
<i>Maluleke v The Minister of Home Affairs and Another</i>	2008	Gauteng	Verlies van voordeel by dood v eggenoot	Registrasie beïnvloed nie die geldigheid van gewoonteregtelike huwelik	Hof het huwelik beskerm waar daar afhanklikes was by dood van 'n eggenoot. Registrasie dien slegs as <i>prima facie</i> bewys.
<i>Ndlovu v Mokoena</i>	2009	Gauteng	Verlies van pensioenvoordeel	Registrasie van gewoonteregtelike huwelik dien as bewys dat huwelik bestaan	Waar 'n gewoonteregtelike huwelik nie geregistreer was nie, is huwelik nietig. Hof wou weereens die bates van oorledene beskerm.
<i>M v D</i>	2010	Gauteng	Erfregtelike voordeel by dood	Nie-registrasie tas nie die bestaanbaarheid van gewoonteregtelike huwelik aan nie	Die huwelik was eers na die dood geregistreer maar tas nie die bestaanbaarheid van die gewoonteregtelike huwelik aan nie. Die hof wou die bates van die oorledene beskerm.
<i>Maloba v Dube</i>	2010	Gauteng	Erfregtelike voordeel	Nie-registrasie maak nie gewoonteregtelike huwelik ongeldig nie, dien as <i>prima facie</i> bewys	Die hof was van mening dat registrasie as 'n hulpmiddel geag moes word.

Dit kom voor asof die Oos-Kaapse howe voor 2000 die gewoonteregtelike huwelike eerder in stand gehou het om die weduwees en hulle afhanklikes te beskerm. Die Transvaal en Transkei se howe het die registrasievereiste streng toegepas. Na 2000 het die Gauteng howe die registrasievereiste verskillend geïnterpreteer. Die Oos-Kaap het na 2000 'n strengere interpretasie van die registrasievereiste gegee ten spyte van 'n Hoogste Hof van Appèl uitspraak tot die teendeel.

'n Boedelbeplanner moet kennis neem van die vereistes van 'n gewoonteregtelike huwelik asook die howe se interpretasie van veral die registrasievereiste. Die boedelbeplanner kan nie bloot daarop reken dat die howe nie-registrasie van die huwelik sal kondoneer nie. 'n Boedelbeplanner moet dus bo en behalwe sy of haar normale doelwitte en pligte verdere addisionele vrae aan sy of haar kliënt stel. Daar word dus aanbeveel dat boedelbeplanners die volgende in ag neem by die beplanning van boedels van persone wat gewoonteregtelik getroud is naamlik in hoeveel gewoonteregtelike huwelik sy of haar kliënt betrokke is, of die gewoonteregtelike huwelik gesluit was voor of na 2000 en of die huwelik wel geregistreer is of dan nie.

Daar word verder aanbeveel dat die wetgewer die verwarring wat daar oor die registrasievereiste bestaan, uitskakel deur aan te toon dat alle gewoonteregtelike huwelike voor 'n bepaalde datum geregistreer moet word en sou die nodige registrasie nie plaasvind nie 'n sanksie of straf intree. Hierdie vereiste kan slegs gestel word indien die Departement van Binnelandse Sake, die Menseregtekommisie en ander nie-regeringsorganisasies verseker dat die boodskap elke vrou in Suid-Afrika bereik en bly bereik.

## **6 Bibliografie**

### **6.1 Literatuur**

#### **B**

Bakker 2007 *THRHR*

Bakker P "The new unofficial customary marriage: Application of section 7(6) of the Recognition Customary Marriages Act 120 of 1998" 2007 *THRHR* 481-489

Bekker en Coertze *Seymour's Customary Law*

Bekker JC en Coertze JJJ *Seymour's Customary Law in Southern Africa* (Juta Kaapstad 1982)

Bekker, Labuschagne en Vorster *Regspluralisme*

Bekker JC, Labuschagne JMT en Vorster LP *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* (Butterworth Durban 2002)

Bennett *Sourcebook*

Bennett TWA *Sourcebook on African Customary Law* (Juta Landsdown 2004)

#### **D**

De Kock & Labuschagne 2000 *THRHR*

De Kock PD & Labuschagne JMT "Ubuntu as a conceptual directive in realising rights" 2000 *THRHR* 114-120

De Koker 1996 *TRW*

De Koker JY "Ubuntu as a conceptual directive in realising rights" 1996 *TRW* 80-81

De Waal, Currie en Erasmus *The Bill of Rights Handbook*

De Waal J, Currie I en Erasmus G *The Bill of Rights Handbook* 4<sup>de</sup> uitg (Juta Kaapstad 2001)

Dlamini 1989 *TSAR*

Dlamini CRM "The New Marriage Legislation affecting Blacks in South Africa" 1989 *TSAR* 408-419

## H

Herbst *Gewoonteregtelike huwelike*

Herbst MM *Die bestaanbaarheid van gewoonteregtelike huwelike in die lig van die Grondwet* (LLM-skripsie Noordwes-Universiteit Potchefstroom 2004)

## K

Koyana *Customary Law*

Koyana DS *Customary Law in a Changing Society* (Juta Kaapstad 1980)

## M

Mndaweni 1990 *CILSA*

Mndaweni C "African marriages still at the crossroads in South Africa" 1990 *CILSA* 34-67

## O

Olivier en Olivier *Bantoetaalsprekendes*

Olivier NJJ en Olivier WH *Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes* 3<sup>de</sup> uitg (Butterworths Durban 1989)

Olivier *et al Inheemse Reg*

Olivier NJJ, Bekker JC, Olivier NJ & Olivier WH *Inheemse Reg* (Butterworths Durban 1998)

## P

Pienaar 2006 *Stell LR*

Pienaar JM "Duty to support and the dependant's claim" 2006 *Stell LR* 314-331

## R

Robinson *et al SA Familiereg*

Robinson JA *et al Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 2<sup>de</sup> uitg (Printing Things Potchefstroom 2005)

## **S**

Schapera *Tswana Law and Custom*

Schapera IA *Handbook of Tswana Law and Custom* (LIT Verlag Hamburg 1994)

## **V**

Van Zijl *Boedelbeplanning, boedelbereddering en erfopvolging*

Van Zijl GJ *Die invloed van die Swart gewoontereg op boedelbeplanning, boedelbereddering en erfopvolging in Suid-Afrika* (LLM-verhandeling PU vir CHO Potchefstroom 1998)

Visser en Potgieter *Family Law*

Visser PJ en Potgieter JM *Introduction to Family Law* (Butterworths Durban 1992)

### **6.2 Regspraak**

*Baadjies v Matubela* 2002 JOL 9404 (W)

*Dlikilili v Federated Insurance Co Ltd* 1983 2 SA 275 (KH)

*Kambule v The Master and Others* 2007 3 SA 403 (O)

*Kwitshane v Magalela* 1998 4 SA 610 (TkD)

*M v D* 2010 JDR 0828 (GSJ)

*Mabuza v Mbata* 2003 4 SA 218 (KH)

*Maluleke v The Minister of Home Affairs and Another* (2008) ZAGPHC 129

*Mgoqi v Protea Assurance Co Ltd* 1986 4 SA 159 (KH)

*Monamodi v Sentraoer Co Operative Ltd* 1984 4 SA (KH)

*Msoni NO v Nsusa & Another* 1983 3 SA 93 (D)

*Mtembu v Letsela* 1998 2 SA 675 (T)

*Ndlovu v Mokoena and Others* (2973/09) [2009] ZAGPPHC

*Rex v Gutay* 1915 SR 49.

*Road Accident Fund v Mongalonkabinde and Another* 1999 4 SA 610 (TK)

*Wormald NO and Others v Kambule* 2004 3 All SA 629 (HHA)

### **6.3 Wetgewing**

*Wysigingswet op Swartwetgewing 76 van 1963*

*Boedelbelastingswet 45 van 1955*

*Huwelikswet 25 van 1961*

*Skadevergoedings Wet 34 van 1956*

*Swart Administrasie Wet 38 van 1927*

*Transkei Huweliks Wet 21 van 1978*

*Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998*

#### ***6.4 Internet***

South African Law Commission Project 90 *The Harmonisation of the Common Law and the Indigenous Law* Discussion Paper 74 (1997) HYPERLINK. <http://wwwserver.law.wits.ac.za> [Datum van gebruik 5 Januarie 2005].